**AFSKOPREEKS 2022**
**GROEIGROEPMATERIAAL**
**Week 4**

**In Jesus Spore in 2022:**
**DADE…volgens God se wil – doen soos Jesus**

Ons sluit hierdie week ons afskopreeks vir 2022 af: Denke, Hart en Dade soos Jesus.
Dit is teen die agtergrond van 1 Kor. 13:13 wat praat van "geloof, hoop en liefde."
Alle mense verkeer een of ander tyd in nood. Alle mense het een of ander tyd hulp nodig. Die verhaal van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25-37) beeld beide groepe uit. Hierdie week ondersoek ons die saak van **GELOOF** vs. **DADE** en hoe die spreekwoordelike "vurk in die hooimied" steek hieroor.

In die reis van ons gemeente fokus ons hierdie jaar op ***In Jesus Spore volgens God se wil***… Dade tel ook punte, nie net geloof nie. Die Bybel praat dalk uiteenlopend hieroor, maar definitief nie kontrasterend nie.

Tydens Sondag se preek het ons met die finale oordeel en twee afsonderlike groepe te doen gekry. Jesus het die gedeelte só afgesluit: *"En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar **dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe**."* (vers 46)

**TEKS:** Lees Matt. 7:21-23

**Leeswerk & vrae:**

1. Vul die ontbrekende woord in: *"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil _____ van my Vader wat in die hemel is."*

2. In vers 22 hoor ons wat sommige mense se reaksie sal wees tydens die eindoordeel wanneer Jesus as Koning sal terugkeer. Vers 23 kom nogal as `n skok! Hoe dink jy moet ons dit verstaan?

3. Watter rol speel dade in ons redding? Kyk weer na die preeknotablaadjie van die afgelope naweek.

4. Hoekom is dit belangrik dat ons goeie dade op `n daaglikse basis moet doen, wat is die rede hiervoor?

5. In 1 Kor. 4:16 spoor Paulus die Korintiese gelowiges aan om sy voorbeeld te volg. Watter praktiese voorbeeld het hy vir hulle gestel? (Vers 11-13) Lees ook weer 2 Kor. 4:7-10.

Kyk nog `n keer na die volgende teksverse:

1. 1 Kor. 1:30-31

- Ons word alleen met Christus verenig deur geloof en God die Vader tel Christus se perfekte dade as ons eie. Hy is ons geregtigheid. **Jesus is ons geregtigheid.**

2. Gal. 6:7-10

- In ons eenheid met Christus werk ons nou deur die krag van die Heilige Gees (Rom. 8:13) deur geloof in God se toekomstige genade (2 Tess. 1:11-12; 1 Kor. 15:10) ons redding uit (Fil. 2:13). Hierdie uitwerk van ons eie redding kom deur geestelike vrugdra (Gal. 5:22) in `n lewe van praktiese geregtigheid, waardeur ons ons reddende geloof en ons eenheid met Christus bevestig om sodoende die erfenis van ons redding te verkry. **Ons werk ons redding (heil) uit.**

3. Matt. 10:41-42

- Nou stap ons in gelowige gehoorsaamheid in sy toekomstige genade in (2 Kor. 9:8), nie met vertroue in onsself nie (Heb. 13:21; Fil. 2:12-13): ons dien Christus as Here (Kol. 3:24) en maak dit `n prioriteit om Hom tevrede te stel (2 Kor. 5:9; Fil. 4:18; Kol. 1:10 en 1 Tess. 4:1) – nie uiterlik om mense te beïndruk nie, maar vanuit `n opregte hart wat begeer om sy wil te doen, sodat ons van die Here beloning sal terug ontvang wat korreleer met die goeie dade wat ons verrig het. **God sal ons beloon vir ons goeie dade**

**Kom ons vat dit saam…**
**Verstaan baie mooi:** ons erfenis word **NIE VERDIEN** deur ons uitgeleefde geregtigheid **NIE** (Rom. 8:15-17; Gal. 4:7), maar deur ons verbondenheid aan die familie wat bekragtig word deur die feit dat ons nou erfgename van en saam met Christus is.
Om ***In Jesus Spore*** te loop volgens God se wil, beteken dat ek nie slegs in God drie-enig glo nie, maar dit bekragtig in die manier waarop ek elke dag leef.

Mag jy meer fokus om dié dinge te doen wat Jesus gedoen het – dit is immers wat God die Vader in Christus Jesus van ons verwag...

- Lof & aanbidding
- Gebed
- Bybelstudie
- Totale oorgawe
- Bybelse gemeenskap (“fellowship”)
- Geestelike gawes
- Offergawe (ook my tyd)
- Die deel van my geloof

Kan jy aan 2-3 ander praktiese dade dink wat jy kan doen?

**<u>Gebedstyd:</u>**

- Bid vir dieper geestelike groei onder ons gemeenteleiers.
- Bid ook vir die uitvoering van hul pligte (diakens, ouderlinge & leraar).
- Vra die Here om jou te help om prakties meer soos Jesus te leef op `n daaglikse basis.
- Bid vir Goddelike perspektiewe in gesinne, huwelike en alle wedersydse verhoudings.
- Bid vir ons land en sy leiers – vir goeie regering.

**Verheerlik God in dade van dankbaarheid en gehoorsaamheid volgens Jesus se voorbeeld!**

*“Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.”* – Paulus, 1 Kor. 11:1